# Loergaatjie op ons Lewens

**Hindenburgstr. 36, 70825 Korntal, Duitsland – Tel +49 711 839651602 - Email:mengessandra@gmail.com**

4 Junie 2014

Liefste Julle!

Ek sit met oop deure en vensters en geniet die gesang van voëltjies. Vandag is dit lekker en dit lyk of die somer tog nog die jaar sy kop gaan uitsteek. Ons sal baie bly wees as dit so is! Die ander tekens, dat die somer wel al gekom het, is daar – dis nou buiten die verwagte louwarm sonskyndae: ons eet aarbeie en het blomme in die tuin en ja, die voëltjies!

Met ons gaan dit steeds baie goed. Die kinders skryf nog n laaste paar vakke voor ons ons jaarlikse vakansie kan geniet. Na die twee weke Pinkster vakansie, is daar nog 5 weke skool tot die einde van die jaar, maar eintlik is dit net op papier. Daar word uitstappies gereël en lekker aktiwiteite beplan. Annelie het al in een vak haar jaareindpunt gekry! Buiten skool gaan dit ook goed met ons kinders. Annelie geniet nog haar werk by die Kinderprogram in die sirkuswa. Sy pas gereeld 'n seuntjie op en geniet dit om dwarsfluit te speel in die skoolorkes. Ook die kerkaktiwiteite is vir haar 'n groot seën. Ilana het belydenis van geloof afgelê. Sy is 13 jaar oud. In Duitsland is kinders van hul 14e verjaardag self verantwoordelik vir hulle godsdiens. Dit beteken ook dat 'n kind vanaf 14 self mag besluit wat hulle glo en of hulle glo, dra egter ook die gevolge van hulle geloof self (bv as hulle 'n sekte volg of so). Die geleentheid was baie kosbaar. Kosbaarste was dat Ilana getuienis afgelê het dat sy weet dat God haar geroep het om later sendeling te word. My ma-hart is baie dankbaar, maar besef ook die konsekwensies daarvan. Bid vir die komende jare vir haar – dat God haar sal lei in Sy voorbereiding vir haar pad vorentoe. Ilana het ook begin om te help met musicals in die kerk. Na haar ervaring in Mosbach, wil sy nou ander kinders help op die gebied. Ilana se hart is sag en sy gee om vir mense – selfs dronk ouens op treine en mense op die straat. Dikwels sal sy vertel van mense wat sy raaksien met trane in haar oë. Liesl het die laaste paar maande weer en weer gesê dat sy Mosbach mis. Sy mis ons tuin en sy mis haar maatjies en sy mis die kerk. Sy kom goed reg hier, maar mis die bekende omgewing nogal baie. Ons woon 80 km van Mosbach en dit is dikwels vir my moeilik om te weet wanneer ek speeltyd met ou maatjies moontlik moet maak en wanneer ek haar moet aanmoedig om haar nuwe omgewing haar eie te maak. Ek raai dit is 'n proses. Sy het onlangs by 'n kamp ook 'n geestelike vernuwing beleef. So dankbaar!

Tobias geniet sy werk. Hy geniet dit om klas te gee. Die voorbereiding kos egter nog baie tyd en energie. Hy mis ook die "hands-on" ervaring van sending. Julle kan saambid: hy is besig om te soek na God se plek vir hom – waar kan hy in sy vrye tyd mense bereik? Wat is op God se hart? Studente? Asielsoekers? Dalk iemand anders? Hy besef die teorie in die klaskamer het praktyk nodig en hy wil in die eerste plek mense by Jesus uitbring en dan, uit sy ervaring, ander vertel hoe mens dit doen.

Sy studente is baie tevrede met hulle nuwe dosent. Hy het onlangs vir 'n groep die huiswerk gegee om hulle kennis toe te pas en 'n bevolkingsgroep in hulle eie omgewing te leer ken. Hulle moes 'n profiel saamstel waarin die groep se waardes, geloof en lewensuitkyk verduidelik word en dan ook hoe die mense bereik kan word. Twee studente het besluit om by die Portugese restaurant te gaan inloer. Eintlik weet almal NET Portugese gaan soontoe. Hulle het dit gewaag, ingestap en vir die eienaar gesê hulle wil graag verstaan hoe die Portugese dink en leef. Die eienaar het vir hulle na 'n tafel geneem en hulle aan die mense daar voorgestel. Binnekort was hulle in 'n gesprek met almal in die restaurant gewikkel. Almal wou die vrae antwoord en vertel. Hulle was so opgewonde om iemand te ontmoet wat in hulle geïnteresseerd is! Hulle het vir die twee verniet kos bestel en hulle bederf en uitgenooi om weer te kom. Die studente het hulle huiswerk aan Tobias gestuur en hom bedank dat hy vir hulle dié huiswerk gegee het. Hulle wonder nou of daar nou 'n diens aan die Portugese uit hierdie gesprekke gaan ontstaan nie. Ander twee studente het die "punks" in die park hulle groep gemaak en was verstom hoe min hulle van die ouens se denke en belewenisse geweet het. Die kursus was vir seker 'n "eye opener" vir die studente.

My Bybelstudiegroep gaan goed aan. Die vroue is baie dankbaar dat die Bybelstudie bestaan en ek word dikwels gevra vir ekstra gesprekke rondom die een of ander tema. Op die stadium kyk ons hoe Jesus met mense omgegaan het en wat ons daaruit kan leer. Twee vroue kom gereeld vir persoonlike groei gesprekke. Sinja en Christiane is beide baie oulike vroue wat wil groei en 'n verskil wil maak. Dis lekker om hulle te begelei.

Ons Kreatiewe Kafee het nou al 'n naam KREAtief. Eintlik is 'Kreativ' die Duitse woord vir kreatief. 'Tief' beteken diep. So ons wil deur kreatiwiteit diepte bereik in ons kontak met mense. So dis 'n woordspel. 24 Junie sal die besluit geneem word of die gemeente aan ons die fasiliteite kan gee wat ons aangevra het. Julle kan saambid dat God se wil geskied. Hy weet of dit die beste plek vir ons is of nie. AS dit die regte plek is, sal ons teen Herfs kan oopmaak. Dit sal ideaal wees omdat mense rondom Herfs, wanneer dit koud word, na binne-plekke begin soek waar dit warm is. Dis die ideale tyd om te begin. Ons het intussen besluit om 'n organisasie te stig ipv 'n maatskappy. So kan ons ook met donasies werk en is dit duidelik dat ons nie daarop uit is om geld te maak nie, maar mense te bedien.

Een vroutjie wat 'n nuwe gelowige is, het onlangs amper haar baba tydens geboorte verloor. Na 'n maand in ICU is die baba huis toe en dit lyk of hy heeltemal gesond en normaal is. Die mamma het my genooi om by haar huis met twee ander vriendinne 'n dankdiens te hou. Die pappa glo nog nie, so sy wou dit eerder in die oggend hou as haar ander kinders in die skool is. Ons het saam aanbid, saam die baba geseën, saam 'n Bybelteks bespreek en toe het ek 'n "craft" (handwerk) met die vrouens gedoen om iets in die hand te hê wat hulle altyd aan God se goedheid sal herinner. Hulle was so beïndruk met die ervaring en ek het net weer besef hoe ons winkel mense regtig kan bedien. Daar is in my 'n versigtige opgewondenheid want ek weet daar wag baie werk vir ons in die proses.

In vier dae gaan ons met vakansie vir twee weke. Ons gaan berge toe en is so dankbaar vir die ruskansie. Ons eerste jaar in Korntal is amper agter ons en al was dit 'n uitstekende jaar, kom ons agter dat dit baie energie gekos het en ons regtig moeg is. So ons bid vir veilighei en regte diep rus sodat ons reg kan wees vir 'n nuwe jaar.

Nog 'n gebedsversoek: Die Bybelskool is besig om hulle fasiliteite op te gradeer. Sedert Oktober word gebou en gebreek reg rondom ons (bo ons, langs ons en onder ons). Die boustof en geweldige geraas (hulle breek mure uit), kos ons baie energie. Dikwels vlug ons vir die geraas – 'n liewe buurvrou het haar woonstel tot beskikking gestel bedags wanneer sy werk, sodat ons daar kan wees/werk. Dit is egter iets wat ek soms beter en soms slegter kan hanteer. Hulle behoort binnekort op te hou met die afbreek fase en te begin opbou en mooi maak. Bid dat ons sal kan uithou en bid vir baie genade. Dit vreet aan 'n mens!

Baie liefde!

Tobias en Sandra met Annelie, Ilana en Liesl Menges



Die Bybelskool.
In die regterkantse gebou werk Tobias
en links woon ons.

